**21 Mei** **Skrifgedeelte: Handelinge 17:22-31**
**Fokusgedeelte: Handelinge 17:27-28**

**Die "onbekende God" is die kenbare God!**

Ons leef in 'n sogenaamde gekerstende land en samelewing waarin ons sommer aanvaar dat almal God ken. Kyk egter bietjie rondom jou en let op hoe soekend die mense is! Hulle soek na 'n godheid, na vreugde en vrede! Paulus gebruik die geleentheid om aan die soekende geleerdes en wysgere in Atene te vertel van die "onbekende god". Hierdie God is die enigste wat werklik geken kan word:

- Hy is immers dié Een wat alles geskep het en daarom "Here" (Koning) is van hemel en aarde, ook van hulle lewens.
- Hoewel God nie in aardse tempels woon nie, het Hy die mens gemaak om Hom te "soek", te ken en om dus in 'n verhouding met Hom te leef. Ons is immers na sy beeld gemaak.
- Dit is ook nie moeilik om Hom te vind nie. Hy is immers nie ver van ons nie, "want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons". As mens maar die oog het om dit te sien en die insig om dit te besef!

Die probleem is dat mense (soos die Ateners) op verkeerde plekke en maniere na God soek om te leef – in mensgemaakte reëls of verbeeldingryke "gode" van goud, silwer of klip.

Met Jesus se koms het God egter 'n nuwe begin gemaak! Sy oop graf het die doodsheid van dooie afgode ontmasker en God as die enigste ware, lewende God openbaar. By Hom alleen is die lewe – vrede en vreugde – te vind! Ken jy God? Leef jy in harmonie, in 'n verhouding met Hom? Daar is nie meer 'n verskoning nie!

*Sing: Psalm 48:1 (Totius-beryming)* *Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*